



# GEMEENTENUUS

## NG KERK KLEINMOND

Mei 2018

### Meer beeld van God

Wie, sê die Here, is ek?

Hy sê jy is sy beelddraer. Dit beteken:

- Dat jy saakgelastigde, verteenwoordiger en daarom heenwyser na God self is. Sêlf is Hy nie meer sigbaar hier teenwoordig nie. Jy is hier in sy plek. Jy is sy hande, sy lippe, sy voete. Wie na jou en my kyk, moet herinner word aan God!
- Dat jy nie Gods beeld hét, soos jy geld het nie, maar dat jy Gods beeld is. Ook al sou jy en ek so hinkepink dat jy God nie meer na behore kan verteenwoordig nie, blý jy beelddraer.
- Dat jy onvervangbaar is. Daar is niemand wat jou rol in jou huis of by die kantoor op presies dieselfde as jy kan vervul nie. God stel in jou as individu belang. Hy moes tussen jou en sy Seun kies en Hy het gekies dat jý die lewe moet hê (en dit in oorfloed!) en daarom het Hy sy Seun laat sterf! En waarom het Hy juis so gekies? Omdat Hy jou gebreke deur en deur ken (gedagtig dat jy stof is!). Dis net Jesus, sonder sonde, wat met die dood kan afreken. Moet dus nie méér probeer wees as wat jy is nie. Maar beslis ook nie minder nie: Ek en jy moet meer en meer wórd wat ons reeds is: Koningskinders! Beelddra is 'n di9namiëse proses.

Annemarie le Roux

(verkort oorgeneem uit *Die oorfloed wat God gee*)

### **Pinkster 2018: 14 – 18 Mei**

Die byeenkomste in Kleinmond word hierdie jaar gelei deur  
dr. Chris Malan. Die tye is 09:00 en 18:30.

In Hangklip word dit gelei deur ds. Michiel de Kock en vind plaas om 18:30.

**Viisie-lied**



Die Kerkraad is reeds meer as 'n jaar besig om weer opnuut by die Here te hoor watter koers Hy wil hê ons gemeente moet inslaan sodat ons saam met Hom werk.

By die vergadering in Februarie is die visie en bedieningstrategie vir ons gemeente goedgekeur. Die Kerkraad het bevestiging gekry dat die visie steeds is

**DEUR GOD  
– DIE BRON VAN LIG EN LEWE –  
LEWE ONS**

Dit maak van ons  
**LIGDRAERS, VERSKILMAKERS  
EN AMBASSADEURS.**

Om dit waar te maak in ons lewens en gemeente volg ons 'n strategie van geestelike groei en aktiewe betrokkenheid gevestig word.

Dit is nie 'n proses waaraan 'n tyd gekoppel kan word nie, maar 'n voortdurende proses.

Die gedagte het onder die betrokkenes ontstaan dat dit darem baie lekker sal wees as ons 'n visie-lied her wat ons visie verwoord en wat op 'n bekende wysie gesing kan word.

En dit is 'n lekker uitdaging aan lidmate: Skryf asseblief vir ons 'n visielied. Ons sal dit graag met die gemeente se verjaardag in Oktober in gebruik wil neem.

Indien iemand lus is om die uitdaging te aanvaar of die volledige besluit oor die strategiese beplanning wil hê as agtergrond, kan dit by die kerkkantoor gekry word.

## FEES VAN SEËNINGE

### ONS ALMAL ONTHOU WAAR ONSSELF VANDAAN GEKOM HET

Buiten vryburgers en reisende vreemdelinge het die *gerîm* (inwonende vreemdelinge) die samelewing van die Ou Testamentiese tyd opgemaak. Dit is opmerklik dat **Abraham** *ger* was in Hebron (**Genesis 23:4**, “Ek is 'n vreemdeling, 'n bywoner by julle. Gee vir my 'n vaste besitting as graf hier by julle sodat ek my vrou daarin kan begrawe”); **Moses** was *ger* in Midian (**Eksodus 18:2-4**, “Toe Moses sy vrou Sippora destyds teruggestuur het, het sy skoonpa Jetro haar en haar twee seuns in sy huis geneem. Die naam van die een seun was Gersom, “want,” het Moses gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land. Die naam van die ander was Eliëser, “want,” het Moses gesê, “die God van my voorvaders het my gehelp”); en **Elimeleg** was *ger* in Moab (**Rut 1:1**, “In die tyd van die leiers was daar op 'n keer hongersnood in die land, en 'n man met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om 'n heenkome te soek in die gebied van Moab”). En **die Israeliete** was *gerîm* in Egipte (**Eksodus 22:21**, “Jy mag nie 'n vreemdeling verdruk of laat swaarkry nie, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte”).

Nadat die Israeliete in die Beloofde Land gevestig het, het die *gerím* wat onder hulle gewoon het aanvanklik onder minder gunstige omstandighede geleef, en was hulle niks meer as die gehuurde diens wat hulle kon lewer nie (Deuteronomium 24:14). In die algemeen was hulle dus arm, en is hulle gereken as deel van die groep van armes, weduwees en weeskinders, die ekonomiese sukkelaars, wat aangewese was op die Israeliete se barmhartigheid.

**Deuteronomium 24:19-21** maak egter 'n treffende appél op die Israeliete, “Wanneer jy jou lande afoes en jy vergeet 'n gerf op die land, moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. **Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak.** Wanneer jy olywe afslaan van jou olyfboom af, mag jy nie agterna weer gaan afslaan nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Jy moet onthou dat jy in Egipte 'n slaaf was. Dit is waarom Ek jou beveel om al hierdie dinge te doen”.

Vergelyk **Levitikus 19:9-10, OAV**, “En as julle die opbrings van julle land oes, moet jy **die kant** van jou land [NKJV, “the corners of your field”] nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Jou wingerd moet jy ook nie skoon afoes nie, en die trossies wat van jou wingerd val, nie versamel nie. **Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God”.**

Sommer vir interessantheid...

Heelwat Ortodokse Jode dra vandag lang wangbaarde (“the corners of your heads”, vgl. **Levitikus 19:27, KJV**) as herinnering aan die “corners” van hul landerye, wat hulle nie heeltemal mag afgeoes het nie, maar dit moes laat oorbly vir die armes en vreemdelinge. In Hebreeus is “wangbaarde” en “kante” dieselfde woord: *פִּיּוֹת* / *pe'yâh*. En dis waarom Rut (Rut 2:2) op Boas se landerye agter die graansnyers kon aangaan, en die are kon optel wat hulle laat val het.



### **‘N BOKSTERT-DOMINEE EN ‘N VERNIET-BASAAR**

Met 2017 se Getuienisweek was Ds. Jaco Strydom die gas-prediker. My en Jaco se paaie het al dikwels voorheen gekruis... die kinderhuise waar ek gewerk het en Jaco se *Eco Youth Development* het hande gevat wanneer kinders wetlik onthef is om verder in die kindershuis te mag bly, en het van hulle dan ‘n halfweghuis by *Eco* gevind. My eerste kennismaking (en indrukke) van Jaco was *die dominee met die bokstert*, en glo my, hy het baie wenkbroue in die kerk laat lig. En so het hy ook verlede jaar met ons gemaak, maar eintlik méér...! Hy het Jesus se Evangelie deur hom laat praat en ons elkeen se harte aangeraak en omgedop.

Skielik kon ons elkeen onthou dat ons ook *gerim* was, en alleen uit God se groot genade nie meer slawe in Egipte is nie!

En toe vertel hy van 'n gemeenskapsprojek in Die Moot, Pretoria, dat hulle gemeente elke twee jaar 'n Gee Basaar hou, en 'n ieder en 'n elk van die straat-af nooi om te kom deel in hierdie *alles-is-verniet* basaar, waar nuwe vriende gemaak is, verhoudinge herstel is, brûe gebou is, en die *gerim* onder en tussen hulle vir 'n oomblik God se beskerming en goedheid kon beleef. Ons almal het die laaste aand van die Getuienisweek hand opgesteek: Kleinmond wil dieselfde doen!

## FÊTE BARUCH

Ek het egter gou koue voete gekry, veral toe ek aan die omvang van so iets gedink het... ons hou reeds twee keer elke jaar basaar, nou nog 'n ekstra een, en dan gee ons nog als gratis weg ook! Maar gou het 'n klompie vriendinne en vriende my herinner, "Maar Chris, ons het saam met jou daardie aand hand opgesteek". En toe begin die wiele draai. Ek het my foon nadergetrek en die groep gemeentes, Christelike en kerkleiers in ons dorp van die inisiatief en inspirasie daaragter vertel, en gou was nog vier gemeentes/geloofsgemeenskappe aan boord! En nou kry ons nog die geleentheid om voor die ganse gemeenskap die getuienis te lewer dat ons as Christene en kerke in Kleinmond en Hangklip kan hande vat en saam werk!



Die verteenwoordigers van die vyf gemeentes het vergadering gehou en **FÊTE BARUCH** is gebore! En ons het 'n datum vasgestel: **Saterdag 16 Junie 2018, 09h00 – 12h00 by Mthimkhulu.**

*Fête* is Frans vir feesviering, en *Baruch* is Hebreeus vir seëning. Voorwaar, ons beplan 'n fees om vir almal wat daaraan meedoen, en vir almal wat dit bywoon, tot seën te wees. **En ons wil jou uitnooi om die datum in jou dagboek aan te teken!** En, asseblief, bring iemand saam (dis jou "toegangskartjie!"), iemand wat jy graag wil bederf met 'n ligte middagete of 'n heerlike stuk koek en 'n warm koppie koffie. En geen fees kan natuurlik behoorlik gevier word sonder pannekoek nie! Die kinders sal vermaak word met springkastele en gesig-verf. En kan almal rondsnuffel by die boeketafel en die altyd-interessante Wit Olifant tafel.

Enigeen wat graag met ons wil hande vat in die inisiatief kan enige van die verteenwoordigers kontak: **Mari Lourens** (Fellowship Church) – 083 425 1566; **Carl Swart** (V.G. Kerk) - 082 908 9825; **Manie Mans** (Huisgemeente) - 082 331 3552; **Chris Docking** (Delivery Hour Ministries) – 072 837 2509; **Ninnie du Toit** (N.G. Kerk) – 082 419 2938. Jy kan ook kontak maak met **Chris Malan** (072 1987 279) of **Heleen Sliep** (Mthimkhulu) - 083 533 9303.